



Om te dien met die
liefde van Christus, sodat
mense hier 'n tuiste kan
vind

NG Gemeente Nylstroom-Oos

 www.ngnylstroomoos.com

 Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944

 admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za

 Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT

 Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Jacobs 082 499 2751



Eredienste

YouTube

ngnylstroomoos

09:00 Erediens

Ontvang nuwe intrekkers: Ria Kriel

Blomme: Gerda van Biljon

Dankie aan die persone wat help met verwelkoming
en teeskink vandag



Dagboek

1 - 7 Nov

3: 09:00 Bybelstudie

: 14:00 Silwer kandelare bestuursvergadering

4: Openbare vakansiedag - Stemdag - kantoor gesluit

: 18:00 Pr@ise and Worship

5: 07:30 Woord en Brood

: 08:00 Personeelvergadering - kantoor open 09:00

Ds Danie verlof: 26 Okt - 2 Nov,
kontak gerus vir ds Ewald indien nodig.



Gebedslys

Langdurige siekte:

Dirkje Combrink; Mike van Biljon, Naas du Preez,
Christo Pienaar, Hannetjie Pienaar, Pietie Thiar.

Siektes/operasies:

- Alwyn en Stenie Meyer se dogter ontvang steeds kankerbehandeling;
- John Becker sterk goed aan;
- Michelle Huisamen ontvang steeds behandeling vir 'n gewas agter haar oog;
- Len Robberts herstel tuis;
- Arrie Vosloo herstel na infeksie in sy been;
- Mike van Biljon is tans in die hospitaal;
- Jandré van Ellewee gaan 3 Nov vir 'n hartomleiding.

Met leedwese....

Verneem ons van die afsterwe van Michiel Espach. Ons
dink aan Gerrie in die hartseer tyd.

1 Nov 2026

Koninkrykstyl





A. FOKUS OP GOD

“Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge” – Rom 11:36

- Word stil in God se nabyheid en vra dat Sy Gees die Woord vir jou lewend sal maak.
- Lees en luister na wat Hy vir jǒú wil sê in elke vers van Ps 16.
 - Is jy bewus van God se alomteenwoordige betrokkenheid in jou lewe?
 - Vertrou jy Hom in elke aspek van jou lewe?
 - Lê jou vreugde in Hom?

B. VERANDER MY HERE

“Iemand wat aan Christus behoort is ‘n nuwe mens’ – 2 Kor 5:17

- Lees Kol 3:1-10 biddend deur en wees oop vir wat die Heilige Gees op jou hart kom lê: (wanneer Hy ons bewus maak van sonde/ongehoorsaamheid, is Sy doel altyd om jou nader te trek aan Hom).
- Bely enige aardse dinge in jou lewe wat hoër prioriteit geniet as jou verhouding met God en Sy koninkryk.
 - Watter dinge/gewoontes in jou lewe verhinder dat ander die beeld van Christus in jou raak sien?
- Ontvang Sy vergifnis en vryspraak en leef dan in Sý krag as ‘n nuwe mens.

C. GOD SE KONINKRYK

- Lees Rom 12:1-2 en gebruik dit om te bid vir jouself, medelidmate en vir die Kerk van Christus in SA.

- Bid dat ons elke dag met dankbaarheid sal leef oor God se groot ontferming (Sy opregte omgee en liefde).
- Dat ons daarop sal antwoord deur onself as lewende en heilige offers te gee – dat ons lewens Hom sal behaag en daarvan getuig dat ons Sý eiendom is.
- Bid dat ons daarteen sal waak om volgens die standarde/beginsels van hierdie wêreld besluite te neem en te lewe.
- Dat ons God op ‘n daaglike basis sal toelaat om ons wêreldse manier van dink te verander – dat ons doelbewus ons gedagtes elke keer sal terugbring na die waarheid en lering van Sy Woord toe.
- Bid dat ons sal toeneem in onderskeidingsvermoë sodat ons Sy stem en Sý wil sal herken in elke situasie.
- Bid dat ons ons fokus en energie sal rig op dié dinge wat vir Hóm goed en belangrik is.

D. AFSLUITING

Staan in jou geestesoog voor God wat op Sy troon sit en lees dan Openb 5:11-13 in aanbidding.

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.

GASVRYHEID

is *liefde* wat 'n
stoel nader trek



1Pet 4:9

Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla

Wapenstilstand-dag
Erediens ter herinnering
Poppy Dag

NG Kerk
Nylstroom-Oos
8 November 2026
08:30 vir 09:00
Deurkollekte: Bybels

NG Kerk Nylstroom-Oos
FNB, Lopend
6242 806 4414
Verw: Voorletter/s, van, waarvoor (bv Fees)



Bewys van betaling na: kerkkantoor@ngoos.co.za

Dankoffer – projek



Ons kyk met dankbare harte na die groeiende vuurkolom.

Dankie vir almal se bydraes tot dusver!

Totale dankoffers ontvang tot 29 Oktober: R67 811

Onthou die projek loop tot einde November. Hou gerus die groeiende vuurkolom
dop in die voorportaal, daar is ook meer inligting rakende die dankoffer-projek.

Gaan ons R100 000 maak of dalk R120 000?



- 1: Christa Coetzer, Monique du Pisanie, Sybrié van der Merwe, Leméh Greeff;
- 2: Rudi van der Merwe;
- 3: Verette Jonker;
- 4: Paul Zietsman, Ruan Byleveldt;
- 5: Judith Dreyer;
- 6: Jannie Laubscher, Spencer Matthysen;
- 7: Louis Botha, James Findlay.

75 & ouer:

- 5: Jimmy Erasmus;
- 6: Dries de Jager.



SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.

Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.